



ST. AUGUSTINUS

28 AUGUSTUS

(354-430))

Hierdie briljante maar rustelose soeker na die waarheid sou uiteindelik ná talle foute en verkeerde besluite opeindig as biskop van Hippo in sy vaderland, Noord-Afrika. As teoloog en latere Kerkleeraar was hy een van die invloedrykste figure in die geskiedenis van die Kerk. Sy skerp verstand en die vermoë om uit sy eie lewenservaring te leer, asook sy talent as skrywer, het hom tot diep insigte in die Christelike geloof gelei, veral wat die betekenis van God se genade en allesomvattende liefde vir ons inhou. Ná 'n lang en vrugbare lewe sterf hy terwyl sy geliefde stad, Hippo, onder die beleg was van die heidense Wandle en die ou Romeinse Ryk besig was om voor sy oë te vergaan.